A1434/1-1.5

# 'n Gelukkige Bestaan



AANGEBIED MET DIE KOMPLIMENTE VAN DIE

**JOHANNESBURGSE STADSRAAD**
**AFDELING NIE-BLANKE-SAKE**

# 'n Gelukkige Bestaan



*Daar word in hierdie brosjure gepoog om 'n beeld van die lewenstoestande in Soweto te gee.*

*In 'n brosjure wat in* 1960 *onder die opskrif „Duisende vir Huise" uitgegee is, is daar vertel hoe* 50,000 *huise opgerig en vir* 25,000 *mense huisvesting in tehuise verskaf is. Daar is nou reeds* 60,000 *huise gebou.*

*In die huidige brosjure word daar vertel hoe dienste en geriewe kort op die huise gevolg het.*

*Dit is ook 'n menslike verhaal want baie van Soweto se inwoners het van die platteland af hierheen getrek en hulle, met dikwels primitiewe stamgewoontes, in onbekende lewensomstandighede bevind. Dit het groot aanpassing geverg en ek was nog altyd verwonderd oor hoe goed hulle dit reggekry het. Dit is voorts 'n verhaal waarin die Staat, die Provinsiale owerhede en die Stadsraad almal 'n rol vervul het, en dit is my oortuiging dat wat tot stand gebring is nie net die Stad Johannesburg nie maar die Republiek van Suid-Afrika tot eer strek.*

Patrick Lewis.

*PATRICK R. B. LEWIS, L.P.R.*
*Voorsitter, Komitee vir Nie-blanke-sake.*
*Stad Johannesburg.*

*Februarie* 1964.



# Agtergrond:
# Die Bantoedorp Soweto

Dit is die verhaal van 'n reusagtige rehabilitasie-skema, miskien tans die grootste van sy soort in die wêreld.

Gedurende die oorlogsjare het oorbevolkte krotbuurte waarin onsedelikheid gebotvier het, op 'n ontsierende wyse oral in die omstreke van die Goudstad begin opskiet. Bantoegesinne het hier in smerige krotte die allerkarigste bestaan gevoer. Soos in die stede in ander lande het die krottemelkers woekerwinste opgestryk. Om die krotte op te ruim en deur moderne behuising te vervang, het na bykans onbegonne taak gelyk; maar dit is aangepak . . . en uitgevoer.

Vandag voer die stedelike Bantoe 'n aangename, gesonde en gelukkige gesinslewe. Hulle word voorsien van goed geboude huise en tehuise met kraan water, elektrisiteit en sanitasie, asook paaie, klinieke, skole, kerke, creches, ontspanningsentrums en winkels.

Dit alles is in 'n bestek van slegs tien jaar tot stand gebring; dit is 'n prestasie waarop die Johannesburgse Stadsraad inderdaad trots kan wees.



**Vanaf 1953 tot 1963**
**het die Bantoebevolking van 208,000 tot 361,000 toegeneem**



**Vanaf 1953 tot 1963**
**Is daar 40,800 Bantoehuise gebou wat die totaal op 60,000 te staan bring**

## DIE KOSTE VAN BANTOEBEHUISING

DIE KOSTE VAN BANTOEHUISE WAT DEUR BLANKE-AMBAGSMANNE GEBOU IS.

BANTOEHUISE WAT DEUR BANTOE-AMBAGSMANNE OPGERIG IS . . . .



| 1933 | 1938 | 1944 | 1946 |
|---|---|---|---|
| 4/9d. v.k.v.t. | 9/3d. v.k.v.t. | 11/- v.k.v.t | 12/3d. v.k.v.t. |

. . . ONDANKS DIE HOER KOSTE VAN DIE MATERIAAL

1951
6/5d. v.k.v.t.

## DIE HUURGELD OMVAT

★ DIE HUURGELD DEK DIE BYKOMENDE GERIEWE:




★ RIOOLVUILWERKE



★ HOOFTEERPAAIE



★ STRAATVERLIGTING



DIE ELEKTRISITEITSNETTE VIR HUISE VORDER FLUKS



ONGETROUDE BANTOEMANS KRY MODERNE TEHUISE



WATER VIR 60,000 HUISE — ONGEVEER 3,000,000 GELLING PER DAG.









# SOWETO

SOWETO bestaan uit 21 Bantoedorpe; dit het die omvang en die bevolking van 'n uitgebreide stad. Dit beslaan 21 vierkante myl. Die Bantoedorpe (dieselfde as voorstede) het paslike en welluidende Bantoename.



**TREINDIENSTE.** Twee spoorlyne verskaf vervoer aan bykans 154,000 dagpassasiers. Maandkaartjies kos tussen R1.72 en R2.50 Gedurende die spitstye vertrek daar iedere 4 minute' n trein



**BUSDIENSTE.** Daar loop interne toevoerbusse in Soweto en tussen Soweto en die Baragwanath-hospitaal (die Bantoehospitaal aan die suidelike rand van Soweto).






Deftige winkels is op gerieflike plekke vir die inwoners in die dorpe opgerig




# Winkels, Skole en Kerke

Johannesburg se Afdeling Nie-blanke-sake het, met die samewerking van die Adviesrade en die Stadsgeneesheer, 'n formule vir die beperking van die getal handelaars in die verskillende handelsgroepe in iedere gebied uitgewerk ten einde die handelstoestande gesond te hou

Bantoes het die alleenreg op handeldrywe ten einde uitbuitery te voorkom en winste te hou waar dit hoort






Lede van die Bantoegemeenskap besit en bestuur 1,800 winkels






Bantoehandelaars lê dikwels aansienlike ondernemingsgees aan die dag — in 'n veel groter mate as wat 'n mens gewoonlik in ander dele van Afrika aantref. Hulle besighede word gewoonlik goed bestuur en is winsgewend.





Daar word in iedere Bantoedorp voorsiening gemaak vir kerkterreine op gerieflike plekke. Hierdie terreine word teen 'n nominale bedrag van R2 (£1) per jaar aan erkende kerkgenootskappe verhuur. Die kerke rig dan hulle eie geboue op. Daar word tans 143 kerkterreine aan 70 verskillende erkende kerkgenootskappe verhuur.





Daar is tans 114 skole wat altesaam meer as 70,000 leerlinge het. 69 hiervan is laer primêre skole, 28 is hoër primêre skole, 12 is laer/hoër primêre skole en 5 is hoër skole. Al die onderwysers is Bantoes.



Bome, grasperke en blombeddings verleen reeds 'n lommeryke toegang tot openbare geboue



Wat 'n paar jaar gelede kaal veld was, lyk nou al soos 'n blomtuin









Uitgebreide kwekerye lewer voortdurend nuwe plantjies

# Tuinbou

Die Afdeling het reeds 50,000 vrugtebome in die voortuine van huise in Soweto geplant. Daar is ook al meer as 20,000 koeltebome langs die strate geplant. In die parke en op die speelterreine word tallose grasperke en blomtuine in stand gehou.

Hierbenewens is daar 'n paar besonderse skemas aangepak met die doel om „asemskepplekke" te verskaf: dit is buitelugge-meenskapsentrums waar mense in hulle ledige uurtjies vergader ('n gunstelinggebruik van die Bantoes). Een van hierdie parke is reeds voltooi en dit heet Mofolopark. In die voorgrond is daar 'n verhoog waar blaasorkeste op Sondae en vakansiedae uitvoerings aanbied.

Nog 'n skema wat voltooiing nader, is die dam, wat ongeveer 8 acre sal beslaan en wat in die Moroka-vallei gemaak word. Aantreklike straatlampe is op gereelde afstande langs die pad wat aan die suidekant van die meer verbyloop, aangebring. Rondom die meer is daar ses acre grond waarop daar bome en gras geplant en rotstuine en tuine aangelê word. Hierdie skema is in die bekwame hande van die Tak Tuinboukunde.

Die inwoners word aangemoedig om self ook tuin te maak en tal van hulle het, benewens hulle blomtuine, ook groentebeddings en vrugtebome. Die Tak Tuinboukunde verskaf bome, plante en waardevolle advies aan hierdie tuinliefhebbers.

# Ontspanning



Die Tak Ontspanning en Gemeenskapsdienste van die Afdeling Nie-blanke-sake het meer as 130 opgeleide werkslui en 400 arbeiders in diens.



Die fasiliteite wat verskaf word, sluit die volgende in:- 76 sportterreine, 3 sportstadions, 58 korfbalbane, 34 tennisbane, 'n puik swembad, 35 speelterreine vir kinders (24 met saaltjies vir klubdoeleindes) en 'n gholfbaan.



In die hele Soweto wat 21 vierkante myl beslaan, is daar nie 'n enkele huis wat verder as 'n halfmyl van minstens een speelterrein, voetbalveld of korfbalbaan af is nie. Hierdie geriewe is beskikbaar vir meer as 1,150 sokkerspanne (waarvan oor die 300 skoolspanne is), 300 korfbalspanne en duisende atlete.



**SPEELTERREINE.** **Daar is vir die kinders volop ruimte en genoeg speelterreinuitrusting**



**SPORTTERREINE.** **Die jonger geslag is verknog aan sport en hulle kan op die 76 sportterreine uiting aan hulle geesdrif gee.**



Gemeenskapsaal.



Buitelugteater en dansarena.



Stamdanse.



Die Orlando swembad.

# Ontspanning

(Vervolg)



Die organisasie van sport vir volwassenes word grootliks aan verenigings oorgelaat; die Ondertak Ontspanning verskaf slegs geriewe en verleen tegniese advies.



Die skole kry aan die ander kant nie net al hulle sportbenodighede by die Ondertak Ontspanning nie, maar ontvang ook hulp met die organisasie van hulle skolewedstryde. Hierbenewens is daar fasiliteite vir rugby, krieket, hokkie, sagtebal en ander gewilde sportsoorte. Daar word spesiale voorsiening gemaak vir stambedrywighede.



Daar is drie groot tehuise in die gebied, waarvan elk ongeveer 5,000 Bantoemans huisves. Die Ondertak Ontspanning het vir iedere tehuis vaste heeltydse organiseerders in diens wat ontspanningsbedrywighede vir die bewoners reël. Hierdie bedrywighede omvat konserte, koorsang, bokswedstryde, gewigoptel, liggaamsopvoeding, kegelspel en rolprentvertonings.





Daar word iedere aand, uitgesonderd naweke, vrye rolprentvertonings op 25 verskillende piekke in die Bantoedorpe gehou. Daar word twee keer 'n week middagvertonings aangebied.





'n Hekkiesloper.





Kindersorgdienste.

# Gesondheid

Die geneeskundige dienste word vanuit sewe algemene klinieke gelewer; die dokters en verpleegsters lê tuisbesoek af en hierdie dienste maak 'n integrerende stelsel uit waaroor daar radiobeheer uitgeoefen word en het Baragwanath as basishospitaal. Die klinieke het 'n personeel van altesaam 450 en lewer dag en nag diens; hulle kry bykans 'n miljoen pasiëntbesoeke per jaar en neem jaarliks meer as 12,000 bevallings in iedere gebied waar.;

Die genesingsdienste is 'n aanvulling van die ongevalle- en die buite-pasiënte-diens van die basishospitaal, terwyl die tuisbesoekdiens vir pasiënte tuis bedoel is. Daar word 25c vir iedere besoek gehef, maar behandeling word nooit geweier omdat 'n pasiënt nie kan betaal nie.

Afgesien van roetine-immunisering, is daar ook groot vordering gemaak met die massa-immunisering van mense tuis. Daar is in 1963 tydens 'n veldtog wat 14 werksdae geduur het, altesaam 105,636 mense teen witseerkeel, kinkhoes, klem in die kake en masels ingeënt; in laasgenoemde geval is die nuwe entstof van lewende maselvirusse gebruik. In dieselfde jaar is daar 162,398 mense op 18 werksdae met verbeterde B.C.G.-entstof ingeënt; daarbenewens is die mense se reaksie op die inenting 24 uur later getoets ten einde vas te stel wie potensiële tuberkuloselyers is en dus ondersoek en behandel moet word. Die welslae wat met die kindergesondheidsdienste behaal is, blyk uit die feit dat die kindersterftesyfer wat in 1949 264.16 was, teen 1959 tot 104.98 en teen 1962 tot 61.20 gedaal het. Daar word 'n uitgebreide tuberkulosediens vanuit 'n hoofkliniek en verskeie hulpklinieke gelewer. Ander gesondheidsbevorderings- en siektevoorkomingsdienste sluit gesondheidsvoorligting en navorsing in, benewens 'n inspeksiediens wat vir omgewingshigiëne verantwoordelik is.



Voorbevallingsondersoek.



X-straalplate word van 'n werksoeker geneem.



Tuisbesoek.



Tandheelkundige kliniek.

# Gesondheid

## (Vervolg)

Vroedvroudienste omvat voorbevallingsfasiliteite, die waarneming van bevallings in iedere gebied en nabevallingsverpleging. Daar word R1.50 gehef vir nabevallingsverpleging en die waarneming van die bevalling tuis, en R3 indien die bevalling in die hospitaal plaasvind of as daar 'n operasie nodig is.

Daar is in een dorp 'n tandheelkundige kliniek en in drie ander dorpe hulpklinieke opgerig.

Daar word uitgebreide gesondheidsbevorderings- en siektevoorkomingsdienste gratis verskaf. Kindersorgdienste is hierby ingesluit, en die klinieke voer daagliks gekoördineerde geneeskundige ondersoeke uit; daar word ook aanvullingsvoedsel, soos byvoorbeeld poeiermelk kosteloos aan kleuters wat gebrek ly, verskaf.



**Die geneeskundige dienste word vanuit 7 algemene klinieke gelewer.**



**Gestremdes wat 'n ambag binne hulle vermoë aanleer, kan nog 'n nuttige lewe lei**

# Welsyn

Die Welsyntak verskaf 'n wye reeks dienste aan die gestremdes in die Bantoe-gemeenskap. Die Tak onderneem byvoorbeeld rehabilitasiewerk by die Fabriek vir Beskutte Arbeid. Tagtig Bantoes wat heeltemal en permanent liggaamlik ongeskik is, bestee hier hulle tyd nuttig en doen weef-, naald-, brei-, rottang- en skoenmakerswerk. Hulle word op 'n stukwerkgrondslag besoldig.

In hierdie Tak is daar ook 'n paar Maatskaplike Werksters wat in die besonder aandag skenk aan tuberkuloselyers wat vanweë hulle siekte ontberinge ly. Die werksters sien toe dat die gesinne van die hospitaalpasiënte versorg word, en dat die herstelde tuberkuloselyers weer werk kry.



**Hierdie meisies verrig 'n noodsaaklike taak en ontvang terselfdertyd opleiding wat hulle altyd te pas sal kom**



**Bantoehandewerk is beroemd en die bewoners blink hierin uit**

**Liggaamlik gestremde vroue verrig nuttige arbeid.**





# Knap advies . . .

# amptelike leiding . . .

# praktiese hulp



Huurkwytskelding



Voedsel word verskaf



Geldelike bystand

Honderde mense kom daagliks die beamptes in die Bantoedorpe oor hulle probleme raadpleeg. Die broodwinner is miskien werkloos; daar was miskien siekte en die agterstallige huurgeld het opgeloop. Wat die probleem ook al mag wees, hulle word simpatiek ontvang en daar word geduldig na hulle geluister. Die beamptes beskik oor ruim ondervinding op die gebied en hulle kan geskikte stappe doen. Werksoekers word aan waarskynlike werkgewers voorgestel; huurgeld word soms kwytgeskeld wanneer huurders moeilikhede ondervind; kontant of voedsel word aan die nooddruftiges geskenk. Pensioenprobleme word ondersoek en daar word leiding gegee. Huisbesit- en ander regskwessies word uit die weg geruim. Die eindelose stroom persoonlike moeilikhede word snel en met begrip opgelos.



Klubs het 'n aangename atmosfeer wat 'n mens heerlik laat ontspan



Gesonde advies het hierdie gesin gehelp om hulle eie huis en meubels op die allergunstigste betaalvoorwaardes te koop



**Strandvakansies—deel van 'n ontwikkelingsprogram**



**Buitelugspeelterreine dien as uitlaatkleppe vir jeugenergie**

# Jeug en Rehabilitasiewerk



**Hier leer die seuns om trots te wees op vakmanskap**



**Vakopleiding—'n ambag word bemeester en die gesondheid terselfdertyd bevorder**

Daar is meer as 24 Bantoejeugklubs wat weekliks deur oor die 1,500 jeugdiges besoek word. Die Afdeling het ook speelsentrums waar 400 voorskoolse kinders versorg word terwyl hulle moeders werk. Daar is ook 14 vroueklubs waar daar onderrig gegee word in naaldwerk, die kookkuns en ander huisvlytonderwerpe.

Die Ondertak Werkverskaffing aan Jeugdiges is gestig met die oog op die bestryding van jeugmisdaad en dit is 'n klinkende sukses. Jeugdiges word aangemoedig om hulle by hierdie Ondertak te laat registreer; hulle aanleg word getoets en hulle word aangeraai om hulle by die Jeugsentrum in Dube aan te meld. Hier word hulle met sport, rolprentvertonings, kunsonderrig en lesings besig gehou totdat daar vir elkeen werk waarvoor hy die aanleg en kwalifikasies besit, gevind word. Hierdie Ondertak het gedurende die eerste 18 maande sedert sy stigting meer as 6,000 jeugdiges aan werk gehelp.

Die vakskool in Dube is die enigste inrigting van sy soort wat deur 'n plaaslike owerheid aangehou word. Dit bied onderrig in die basiese bouvakke: messel- en pleisterwerk; timmer- en skrynwerk; loodgieters- en rioolleerswerk, en huisbedrading. Soveel seuns word toegelaat as wat in die bouspanne van die Raad se Byafdeling Behuising opgeneem kan word.















**24 Jeug- en 14 vroueklubs**



**Daar word jaarliks 'n Bantoemusiekfees in die vorm van 'n kunswedstryd gereël en vooraanstaande professionele musici tree as beoordelaars op.**

**Geselskapsdans raak al hoe gewilder. Dansbyeenkomste word gretig afgewag en verloop baie vrolik.**



# Kultuur

„Die mens kan nie van brood alleen lewe nie." Belangstelling in die kunste word op alle moontlike maniere aangemoedig en daar word gehelp om buitergewone talent te ontwikkel.



**Die besondere ritmes van die moderne dans lewer geen probleme vir Bantoe-tienderjariges op nie.**



**Die ballet is vir die Bantoe 'n nuwe kunsvorm, maar met sy aangebore musiektalente en sy sin vir ritme kan hy veel op dié gebied vermag.**

**Die Bantoes word in die geleentheid gestel om hulle besondere musiektalente in verskeie rigtinge te ontwikkel en daar is talle van indrukwekkende op- en uitvoerings gehou.**





Moderne musiek bied 'n onweerstaanbare uitdaging aan die jong Bantoes



Die kursusse in beeldhouwerk en die moddelleerkuns is baie gewild.



Kunsstudente ontvang deskundige onderrig in die verskillende tegnieke.



Groeiende geletterdheid is vergesel en aangehelp deur die groei van die biblioteekdienste

# Kultuur

## (Vervolg)

Die Ondertak Kultuurbedrywighede streef daarna om die kunstalente van die Bantoes in Johannesburg te ontwikkel. Daar word kursusse vir volwassenes en kinders aangebied in al die belangrikste kunsvertakkinge, met inbegrip van musiek, skilderkuns, beeldhoukuns, geselskapsdans en ballet.



Die orkeste bereik 'n hoë peil en hulle het al uitvoerings gelewer wat nog lank onthou sal word.

# R50,000,000
# is aan Behuising, Ontspanning en Gemeenskapsdienste Bestee

*(Geriewe en Spesiale Dienste)*



**Klante geniet 'n drankie en gesels in die aangename omgewing van 'n sitkamerkroeg**

Die verskaffing van witmensdrank aan Nie-blankes is gedurende Augustus 1962 gemagtig en die Raad is belas met die verkoop van hierdie soort drank in die Bantoedorpe. Die Staat het sestig drankverkoopplekke in die Bantoedorpe goedgekeur. Die Raad het voorlopig net twaalf buiteverkoopplekke geopen, asook drie moderne sitkamerkroeë waar klante in 'n aangename omgewing 'n drankie kan geniet en kan gesels.

# R50,000,000
# has been spent on Housing, Recreation and Community Services

## *(Amenities and Special Services)*



**Customers enjoying a drink and a chat in the pleasant surroundings of a bar lounge.**

During August 1962, European liquor became legally available to Non-Europeans and the Council was entrusted with the sale of this type of liquor in the Bantu townships. Sixty supply points for the distribution of the liquor have been sanctioned by the Government for the Bantu townships The council has opened initially only 12 off sale and three on-consumption points, the latter in the form of modern bar lounges where customers can enjoy a drink and a chat in pleasant surroundings.

## ★ To make up losses on housing schemes
## For Social Welfare and Amenities ★ As Capital Expenditu

In view of the high financial demands for the provision of housing and other amenities, it would have been impossible for the Council to discharge its responsibilities in this respect had it not been for the existence of a municipal monopoly in the manufacture and sale of Bantu Beer, the traditional low alcoholic beverage. One-third of the profits derived from the sale of Bantu beer are spent on services calculated to improve the social welfare and rec tional amenities for Bantu residents within area of the urban local authority. The other thirds of the profits may be used towards finar housing schemes for them.

Bantu beer is retailed from 21 beerhalls, beergar and off-sales depots, 14 of which are situ within the Bantu residential area.



**The picture shows a number of residents relaxing with a tankard of their traditional Bantu beer, rich in vitamins and foodvalue.**

# Beer Profits provide:



**Funds for Housing Deficits** | **Creches** | **General Recreation** | **Bursaries** | **Grants-in-Aid** | **Vocational Training** | **Me Ser**

# Bierwinste dra by tot 'n volle en gelukkige bestaan

## ★ Om verliese op behuisingskemas uit te wis
## ★ Vir Sosiale Welsyn en Geriewe ★ Vir Kapitaaluitgawe

Dit sou vir die Raad onmoontlik gewees het om sy geweldige geldelike verpligtinge in verband met die verskaffing van behuising en ander geriewe na te kom as hy nie die alleenreg gehad het om Bantoebier — die tradisionele Bantoedrank met 'n lae alkoholgehalte — te vervaardig en te verkoop nie. Een-derde van die Bantoebierwinste word daaraan bestee om die welsyn van en die ontspanningsgeriewe vir die Bantoes wat binne die Johannesburgse plaaslike bestuursgebied woon, te verbeter Die orige twee-derdes van die winste kan gebruik word om behuisingskemas vir hulle te finansier. Bantoebier word by die klein maat verkoop in 21 biersale, biertuine en buiteverkoopplekke, waarvan 14 binne die Bantoes se woongebied geleë is.



**Hierdie foto toon 'n aantal inwoners besig om te ontspan met 'n Louer van hulle tradisionele Bantoebier, ryk in vitamines en voedingswaarde.**

## Met Bierwinste word die volgende voorsien:



**Fondse vir Behuisingsverliese**



**Creches**



**Algemene Ontspanning**



**Beurse**



**Hulptoelaes**



**Vakopleiding**



**Mediese Dienste**

Uitgereik deur die

**AFDELING NIE-BLANKE-SAKE**

van die

**STADSRAAD VAN JOHANNESBURG**

**Bestuurder: W. J. P. CARR**

**Posbus 5382 Johannesburg**

KUNSWERK DEUR T. Y. LILJESTROM
GEDRUK DEUR RADFORD ADLINGTON LIMITED

**Collection Number: A1434**

**Colin Goodman Papers, 1930-1972**

***PUBLISHER:***
*Publisher:-* **Historical Papers Research Archive**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2014**

***LEGAL NOTICES:***

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document is part of a collection held at the Historical Papers Research Archive, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, South Africa.